Sending Nuusbrief

Ecclesia Christi fluctuat non mergitur

Die sendingwerk in Fisantekraal het in 2017 met belydeniskatkisasie aan 'n egpaar met 3 kinders begin. Die gesin is op 17 Oktober 2017 tot die gemeenskap van die kerk toegelaat. Hulle was eers lidmate by die VGK Kaapstad. Op Sondag 11 Februarie 2018 begin die eerste amptelike erediens in Fisantekraal by die adres waar hierdie gesin 'n woonplekkie in die agterplaas gehuur het – 65 Shiraz Ebrahimstraat. Deur hulle het ook die ander huismense begin kerk toe kom en katkisasie begin volg. Hulle het ook lidmate van die kerk geword. Vir die afgelope 5 jaar is hierdie plekkie die 'kerkadres' vir Fisantekraal-sendinggemeente.

TEMA: PROJEK NUWE ERF / GEBOU FISANTEKRAAL

Ons was en is die HERE baie dankbaar dat Hy al die jare 'n plekkie vir ons by suster Irene de Grill voorsien het. Ons is vir haar dankbaar; haar deur het nog altyd oopgestaan vir God en die kerk. Sy sal altyd vir my sê: "*Doemenie, jy is meer as welkom hier. Kom in, doemenie.*" En so is dit – ek voel my altyd so spesiaal welkom. Ek dink die ander medewerkers ook ☺Hierdie suster stel haar agterplasie beskikbaar vir die eredienste, haar sitkamertjie vir die Sondagskool en die Bybelstudie op Woensdagaande. 'n Gelowige vrou…

Hierdie suster sal ook vir my sê: "*Doemenie, my deur is altyd oop vir Jesus. En tog … ek wil ook graag sê: ek gaan op na die HERE se huis. En na die diens kom ek weer na my eie huis.*"

Ek verstaan baie goed wat hierdie suster bedoel, omdat onsself vir 17 jaar by die kerkadres in Belhar gebly het. Hiermee saam was daar ook baie moeites in Fisantekraal. Nie heeltemal noodwendig a.g.v. die lidmate nie, maar eerder deur familielede wat naweke kom kuier het. Ek noem dit maar 'ongerymdhede' wat mense in die straat en ander lidmate afgesit het om na die kerk te kom. Somtyds het ons ook voor 'n toe deur gekom, omdat die huismense uitstedig was vir 'n begrafnis oor die naweek. Ons kon dan nie eredienste, Sondagskool, Bybelstudie of jeugkatkisasie hou nie.

Die Sending gee graag die nuusbrief uit om die gemeentes, die SDSA en die ZAM op hoogte te hou van die sending op die Kaapse vlakte en in Fisantekraal.

Die nuusbrief kan help om die die Here te loof en te prys deur Sy werk wat Hy in mense doen. Dit is net die werk van die Heilige Gees wat in harte van mense werk. Die nuusbrief kan ook help om voor die Here se aangesig te kom om gebedspunte voor die Here te bring in smeking en gebed.

Sending Nuusbrief

Ecclesia Christi fluctuat non mergitur

Dit is een van die redes hoekom die GSK begin soek het na 'n ander erf of struktuur vir Fisantekraal. Verder moet ons besef dat 'n kerkgebou vir mense groot betekenis het. Nie vanweë die gebou self nie, maar dit waarvoor die gebou staan – "*die huis van die HERE*", *plek van aanbidding, van rus, 'n tuiste*. So het ons dit in die verlede in Belhar en Wesbank ervaar. God het op hierdie wyse mense na sy kerk gelei. Ek onthou nog goed. Ek het een Saterdag 'n opname vir ZAM (*Zuid Afrika Mission*) by die kerkgebou in Wesbank gedoen. 'n Man en vrou het die motor voor die kerk gesien en kom navraag doen. Ons het vir so 'n uur gepraat en daardie 2 mense was die volgende dag in die erediens! Die man het intussen afgesterf; die vrou is nóú nog by die kerk!

Daar is ook ander redes hoekom die GSK na 'n ander, *meer geskikte* erf kyk – vanuit 'n praktiese oogpunt. Ons het een Saterdag en Sondag deur Fisantekraal gery om te kyk na moontlikhede vir 'n ander erf. Die observasie was dat daar wel moontlikhede in Fisantekraal is. Ons hét ook by so 'n adres uitgekom, maar ongelukkig is die erf binne 3 weke verkoop! Die GSK bly verder soek…

'n Eie en meer geskikte plek gee 'n beter platform waarvandaan gewerk kan word. Mense sien die kerk en kom vanself. As ons mense uitnooi kan ons hulle na 'n *kerk-adres* verwys. Mense in die samelewing weet goed waarvoor 'n kerkgebou staan. Die gebou is gebind aan God en die lidmate. Die eredienste, Sondagskool en Bybelstudies kan ongehinderd voortgaan. Daar kan kinderprojekte in die Junie-Julie skoolvakansies gedoen word. Sopkombuise kan vandaar gedoen word. Die gemeente kan haar funksies hou by die kerkgebou. Die gemeenskap van die heiliges word beter beleef deur gesellig te verkeer. Verder wil ons ook in die gemeenskap betrokke wees; deur met Woord en daad by mense uit te kom – om ***mense te lei tot die aanbidding van die enige en waaragtige God***. Die GSK wil kyk of hulle hiervan 'n projek na die *ZAM* kan maak vir hulp met befondsing vir hierdie projek.

TEMA: PROJEK NUWE ERF / GEBOU FISANTEKRAAL

Gebedspunte

- Bid dat die HERE die gelowiges in Fisantekraal mag vashou,
- Bid vir getrouheid
- Bid vir die sendeling en medewerkers
- Bid vir almal op die GSK
- Bid dat die Gees deur ons in Fisantekraal 'n kragtige werk mag doen, deure mag open en vrymoedigheid mag gee om te getuig.
- Dank die HERE vir die mense wat reeds daar is
- Dank die HERE vir die plek wat Hy ons tot nou gegee het.
- Bid dat Hy ons sal lei en inspan, om 'n meer geskikte erf te vind.
- Bid vir die koms van onse God se heeltemal herstelde koninkryk
- Bid dat die HERE ook vir jou persoonlik hierin mag gebruik.



Die Sending gee graag die nuusbrief uit om die gemeentes, die SDSA en die ZAM op hoogte te hou van die sending op die Kaapse vlakte en in Fisantekraal.

Die nuusbrief kan help om die die Here te loof en te prys deur Sy werk wat Hy in mense doen. Dit is net die werk van die Heilige Gees wat in harte van mense werk. Die nuusbrief kan ook help om voor die Here se aangesig te kom om gebedspunte voor die Here te bring in smeking en gebed.